

Wees verseker van die krag van gebed!

Donderdag 2 Desember 2021

Jak 5:16b,17,18

“Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebed dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie. Toe het hy weer gebed, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer.”

Ons kan praat van baie soorte gebede; skietgebede, noodgebede, openbare gebede, kanselgebede, kindergebede. Verseker is elke gebed se inhoud en duur nie dieselfde nie. Maar elke gebed moet in opregtheid wees. ‘n Gelowige gebed moet altyd plaasvind vanuit ‘n diep persoonlike intieme verhouding met God.

Gebede moet altyd wees, ooreenkomstig God se wil. Nou kan ons vra maar hoe weet ek of my gebede se inhoud, duur volgens God se wil is. Daar is eintlik net een werklike maatstaf en dit is of jy bid wat tot eer, tot verheerliking van God is, in die Naam van Jesus Christus.

Jesus Christus het ook gebed en gevra dat die opdrag wat Hy van die Vader ontvang het, by Hom moet verbygaan, naamlik die verskriklike dood aan die kruis, **MAAR** Hy het sy gebed afgesluit, met, nie soos Ek wil nie, maar soos wat U wil

Die apostel Jakobus, verduidelik hier wanneer ‘n gebed kragtig is.

Elia was ‘n mens net soos ek en jy. Hoekom sê Jakobus ‘n mens net soos ons?

As ons **1 Kon 19:3-4** lees, sien ons dat Elia ook bang en depressief geword het.

“**3** Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat. **4** Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie.”

Elia se ernstige gelowige gebed het geklop met wat God se wil is. Dit is soos wat Elia geleef en gebed het. Hy was self ‘n sondaar-mens, maar hy het die wil van God gesoek. Hy het gedoen wat God vra. Hy het in sy nood na God gegaan en tot God gebed.

Hoe en waarvoor bid jy!

- Moet nie probeer evauleer of jy ‘n mooi, lang, gebed bid nie.
- Moet nie probeer evalueer hoe jou gebed vir jouself en voor mense klink nie.
- Vra biddend dat God jou ook in jou gebede sal lei om opreg en eerlik te wees, of dit nou ‘n skietgebed of ‘n lang ernstige gebed is.
- Vra biddend dat jy sal bid volgens die wil van God.
- Vra biddend dat die Heilige Gees in jou sal wees en sal lei om opreg te bid.

My bede is dat God ons sal lei om altyd ernstig, opreg, in lyn met Sy wil tot sy eer sal bid!

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com